Gister en Vandag / Yesterday and Today Nr 20
September 1990

*deur C P Wright*
*Superintendent van Onderwys: Akademies*

# Geïntegreerde Didaktiese Model vir die onderrig van Geskiedenis

Enige didaktiese model wat op die onderrigpraktyk geskoei is, bestaan basies uit vier komponente naamlik leerinhoud as onmiddellike doelwit, doelstellings of die geïdealiseerde leeruitkoms, die didaktiese handeling wat die knooppunt vorm tussen doelwitte en doelstellings en die evalueringspraktyk.

## 1. LEERINHOUD AS LEERDOELWIT

In alle skoolvakke is leerinhoude wat die aard van die vak weerspieël, altyd die vertrekpunt van die didaktiese handeling. Dit verleen aan die vak sy besondere identiteit en karakter en skep die basis waarop die vormingspotensiaal van die vak tot uitdrukking kan kom. "Kennis is verder de basis van nagenoeg alle andere onderwijsdoelen. Men kan geen problemen oplossen en men kan niet denken in een vacuum. Er moet een fundament van kennis van reële gegevenheden zijn gelegd" (Van der Meulen, 1970:211). Kruger (1978:76) stel dit soos volg: "Die doel van onderrig is die verowering van leerinhoude deur die leerder ... Deur die toenemende verowering en eie making van inhoude vergroot die leerder sy aksieradius (denke en doen) algaande omdat hy toenemend werklikheid omstel tot sin vir hom ... want om leerervarings te verwerklik beteken niks anders nie as om deur persoonlike inset (hereinfahren) inhoude te bemeester". Net so min as wat die waterwiel sonder water aan die beweeg gesit kan word, kan denke nie sonder leerinhoude geaktiveer word nie. Denke kan daarom nie van leerinhoude geïsoleer word nie.

Om sinvol te wees moet leerinhoude aan ten minste die volgende kriteria voldoen:

* dit moet gereduseer word tot elementare;
* dit moet logies gestruktureer word;
* dit moet relevant wees;
* dit moet die moontlikheid hê om heuristiese aangebied te kan word.

Die wyse waarop inhoud-as-leerdoelwit geselekteer, tot elementare gereduseer, logies gestruktureer en met die didaktiese handeling geïntegreer word, sal bepaal wat die aard en kwaliteit van die leeruitkoms sal wees en hoe dit geëvalueer behoort te word.

Die sillabus dui in breë trekke die leerinhoude wat behandel moet word aan. Die onderwyser moet die sillabus omwerk tot 'n funksionele werkskema of lesplan. Dit beteken dat die raamwerkleerinhoude so geïnterpreteer moet word dat die moontlikheid van 'n sinvolle verloop van die didaktiese praktyk geskep word. Die interpretasie van die sillabus bied dus aan elke onderwyser die geleentheid om, binne bepaalde parameters, 'n bydrae tot kurrikulering in sy vak te maak. Hierdie werkskema is niks anders nie as die geantisipeerde en beplande lesdoelwit wat, as dit op 'n didakties-verantwoordbare wyse in die klaskamer gehanteer word, tot die realisering van die doelstellings van die vak moet lei. Die volgende is 'n voorbeeld van hoe die sillabus geïnterpreteer en gestruktureer kan word met die oog op die optimalisering van die leeruitkoms deur middel van 'n verantwoordbare didaktiese praktyk.

| GESKIEDENISSILLABUS<br>(Geskiedenissillabus st. 10, p. 20) | WERKSKEMA<br>(INHOUD-AS-DOELWIT) |
|---|---|
| **3. INTERNASIONALE BETREKKINGE EN GEBEURE, 1945 TOT 1970** | **INTERNASIONALE BETREKKINGE EN GEBEURE, 1945 TOT 1970** |
| 3.1 Die Verenigde Volke-organisasie | 3.1 Die Verenigde Volke organisasie |
| 3.1.1 Totstandkoming (saaklik) doelstelling en beginsels | 3.1.1 Tostandkoming (saak lik) doelstelling en beginsels |
| | 3.1.1.1 Agtergrond<br>* Mislukking van Volkebond<br>* Behoefte aan wêreldvrede en veiligheid |
| | 3.1.1.2 Wat is die Verenigde Volke-organisasie? |
| | 3.1.1.3 Hoe het hy tot stand gekom? |
| | 3.1.1.4 Wat was sy doelstellings? |
| | 3.1.1.5 Wat was sy beginsels? |
| | 3.1.1.6 Watter instrumente het hy om vrede en veiligheid te handhaaf? |
| | 3.1.1.7 In hoe 'n mate het hy sy doelstellings verwesenlik?<br>. Polities<br>. Sosiaal ekonomies |
| | 3.1.1.8 Watter probleme ervaar die VVO in die nastrewing van sy doelstelling? |

## 2. DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

Oor die presiese aard van die vak en die doelstellings wat daarmee beoog word, is daar by historici of selfs vakdidaktici nie eenstemmigheid nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat: " The dimensions of history is so vast, the work of historians so personal, and the approaches so varied that definitions of the subject necessarily differ. (Milburn, 1972:10) Hierdie gebrek aan 'n gekoördineerde geskiedsvisie is juis een van die faktore wat bydra tot die kontroversieële aard van die vak. Hoe paradoksaal dit ook al mag klink lê die dinamiek van die geskiedswetenskap juis in hierdie kompleksiteit en in die bereidwilligheid om die verlede vanuit verskillende perspektiewe te benader en toe te lig. Die volgende sou egter kon dien as 'n breë doelstellingsraamwerk vir die onderrig van Geskiedenis op skool:

* Verstaan van die Geskiedenis
* Ontwikkeling van vaktipiese vaardighede
* Staatsburgerlike vorming van leerlinge
* Gesindheidvorming
* Aankweek en vaslê van norme en waardes
* Sinvolheid van bestaan

Omdat doelrealisering nie 'n hiërargies gestruktureerde proses is nie, is daar 'n sterk waarskynlikheid dat leerlinge nie al die geantisipeerde doelstellings van Geskiedenis tydens hulle skooljare op 'n histories-volwasse wyse sal bemeester nie. Trouens, baie van die doelstellings wat met die onderrig van Geskiedenis nagestreef word, word selfs nie deur alle volwassenes bemeester nie - dit hang in 'n groot hang mate af van persoonlike belangstelling, belesenheid en aanleg. Indien leerlinge egter nie sommige van die doelstellings bemeester nie, dui dit waarskynlik op die afwesigheid van 'n doelstellingsperspektief, of 'n verskraalde didaktiese praktyk, of anders moet Elton se uitspraak, naamlik dat Geskiedenis nie vir skoolkinders bedoel is nie, ernstig bejeën word.

Ten einde die vormingspotensiaal van die vak optimaal te kan benut is dit noodsaaklik dat elke geskiedenisonderwyser vir homself rekenskap moet kan gee van 'n verantwoordbare doelstellingsperspektief. Dit moet egter beklemtoon word dat doelrealisering of 'n produktiewe leerervaring nie deur die formulering van doelstellings gewaarborg kan word nie - dit kan alleen deur 'n verantwoordbare didaktiese praktyk verseker word.

## 3. DIE DIDAKTIESE HANDELING

Indien leerinhoude-as-leerdoelwit op 'n verantwoordbare wyse geselekteer en georden is en die didaktiese handeling fyn beplan word sodat leerlinge op 'n dinamiese wyse by die leerproses betrokke raak, word die moontlikheid geskep om die vormingspotensiaal van enige vak te optimaliseer. Alleen as die leerervaring hierdie moontlikheid skep, kan die vak aanspraak maak op 'n plek in die skoolrooster. So 'n onderrigstrategie sal ongetwyfeld ook 'n betekenisvolle bydrae tot die leerder se totale vorming lewer.

Die onderwyser het twee instrumente tot sy beskikking om uit die leerinhoud-as-doelwit te probeer sy doelstellings met die vak te realiseer. Die eerste instrument is die ontsluiting van die inhoud; die tweede is die skriftelike opdragte aan leerlinge. Dit vorm die knooppunt tussen lesdoelwit en vakdoelstelling. Die kwaliteit van die didaktiese handeling sal bepaal wat die kwaliteit van die leeruitkoms sal wees.

### 3.1 Ontsluiting van die leerinhoud

Die onderwyser moet van 'n verskeidenheid onderrigtegnieke of strategieë gebruik maak om die leerstof te ontsluit. Die voorwaarde is egter dat die leerinhoud op 'n heuristiese, dog gestruktureerde wyse, met maksimale leerlingbetrokkenheid ontplooi moet word. Dit beteken noodwendig dat die kritiese vrae wat gevra moet word, nie op 'n lukrake wyse in die klaskamer uitgedink kan word nie, maar in die studeerkamer. Vir die logiese ontvouing van die historiese tafereel moet dit ook in 'n bepaalde volgorde aan die orde gestel word. Uit die aard van die saak sal die denkstootjies wat vloeibaarheid aan die didaktiese handeling moet verleen, in die 'hitte' van die 'stryd' in die klaskamer uitgedink moet word. Hierdie sinvolle begeleiding deur die onderwyser vereis dat hy nie net meester-didaktikus moet wees nie, maar ook 'n kenner van sy vak.

Dit spreek vanself dat die onderwyser rekening moet hou met die vaktipiese vaardighede in sy vak, want dan alleen kan hy die leerder op 'n dinamiese wyse by die ontsluiting van die leerinhoud betrek. Dit is verder noodsaaklik om hierdie vaktipiese vaardighede by leerlinge te ontwikkel want dit is deel van hulle wapenrusting om leerinhoude tot leefinhoude te omskep. Die primêre doelwit is egter nie die ontwikkeling van vaardighede per se nie, maar die beter verstaan van die geskiedenis en die wêreld waarin die leerder hom bevind, en die plek wat hy in hierdie wêreld moet volstaan. Hoe beter die vaardighede tydens die didakties-pedagogiese situasie ontgin word, hoe beter sal die kwaliteit van die doelstellings wees wat uiteindelik kristalliseer. "Both the active involvement of students in their own learning and the scholarly use of evidence can be advanced through structured initiation into these skills and activities, but we should be aware of mistaking the process for the purpose (Partington, 1980:20).

Tydens die ontsluiting van die leerinhoude moet daar van toepaslike onderwysmedia, wat 'n verskeidenheid primêre en sekondêre bronne insluit, gebruik gemaak word. Dit moet nie net op aanskouing gerig wees nie (dit ook), maar dit moet primêr gebruik word as belangrike leerinstrument. Argivaliese materiaal moet egter nie in isolasie bestudeer word nie, maar dit moet 'n integrale faset van die didaktiese praktyk wees. Dit moet aan die leerder 'n idee gee van die werkwyse van die historikus en die historiese metodologie. Die doel is egter nie om "kaalvoet historici" op te lei nie, maar om insig en begrip te ontwikkel en om leerlinge te begelei tot die verstaan

van 'n snit van die vergange werklikheid en om 'n beter begrip vir die hedewerklikheid te ontwikkel.

**3.2 Leerlingopdragte**

Leerlingopdragte (klas- of huiswerk) is 'n tweede instrument wat die onderwyser moet gebruik om te verseker dat die leerling by sy 'bestemming' uitkom. Dit moet daarop gemik wees om die onderrigleer-gebeure te vesterk en nie loot om die hoof en ouers tevrede te stel of om die leerlinge besig te hou nie. Leerlingopdragte kan nie in isolasie of op die ingewing van die oomblik beplan word nie. Dit is 'n verlengstuk van die ontsluiting van die leerinhoud wat aan leerlinge die geleentheid behoort te bied om beheer oor die leerinhoud te demonstreer.

Leerlingopdragte moet oorspronklik, uitdagend en probleemgerig wees. Daar moet van 'n verskeidendenheid vraagtegnieke gebruik gemaak word; ook die wat verband hou met die werkwyse en verklaringswyse (vaktipiese vaardighede) van die historikus. Ten einde te voorkom dat produktiewe leer nie in die wiele gery word nie, mag die leerpsigologiese ontwikkeling van die leerling egter nooit uit die oog verloor word nie.

**4. EVALUERING**

Evaluering vorm 'n baie belangrike skakel in die totale didakties-pedagogiese pakket. Dit behoort die sluitsteen van enige didaktiese model te wees. Om enigsins geldig te wees, moet die evalueringspraktyk in harmonie wees met die didaktiese handeling omdat die doel daarmee

behoort te wees om te bepaal in welke mate lesdoelwitte (leerinhoude) deur middel van 'n verantwoordbare didaktiese praktyk tot die geantisipeerde leeruitkomste (doelstellings) omskep is.

Hierdie daktiese model word skematies hieronder voorgestel:

## BIBLIOGRAFIE


KRüGER, RA 1978: *Doelstellings in die onderwys.* Instructa 78. Johannesburg : RAU

MILBURN, G 1972: *Teaching history in Canada.* Toronto: McGraw-Hill.

PARTINGTON, G 1980: *The idea of historical education.* Windsor: NFER Publishing Company.

VAN DER MEULEN, P 1970: Wat toetsen wij? *Kleio,* 11(6), 1970 : 211-219.

WRIGHT, CP 1989: *Die eie aard van Geskiedenis en die evaluering* daarvan in standerd 10. Johannesburg : RAU (D.Phil-proefskrif).


